



UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

12 Mei 2015

[E-pos aan personeellede]

Beste Kollega

KOM ONS PRAAT

Dit woel behoorlik op universiteitskampusse landswyd, en Stellenbosch is geen uitsondering nie.

Dit is nie verrassend nie, want universiteite werk verandering by uitstek in die hand. Deur middel van navorsing skep ons 'n beter toekoms, met leer en onderrig omvorm ons lewens, en via gemeenskapsinteraksie transformeer ons die samelewing.

Hierin lê ons eie uitdaging opgesluit. “Die instellings wat so baie gedoen het om die wêreld te verander, moet self verandering aangryp,” het *The Economist* in Maart in 'n spesiale verslag oor hoër onderwys gesê. **Transformasie** is kennelik 'n globale uitdaging in ons sektor.

Om te verander, is nòg maklik nòg gemaklik. Intendeel, as dit ons nie ongemaklik maak nie, doen ons iets nie reg nie. Aanpassing is noodsaaklik – ten einde al ons belanghebbers behoorlik van diens te wees, en ter wille van ons volhoubaarheid as instelling

'n Werktuig wat ons hiermee van groot nut kan wees, is die “**oop gesprek**” waarna ek in my [inhuldigingsrede op 29 April](#) verwys het. Dit moet die soort dialoog wees waarin ons “oor alles kan praat”, en “wat nooit in belediging, twis of woede ontaard nie”.

Ek is bly om te kan sê hierdie proses is reeds aan die gang. Op verskeie vlakke en plekke regdeur die Universiteit het die “sirkulasie van gedagtes” begin. 'n Voorbeeld is 'n proses wat deur die Studenteraad geïnisieer is om 'n Beleid oor Diskriminasie te laat opstel. Die US-bestuur is hierin 'n gewillige gespreksgenoot

Almal wat konstruktief tot die oop gesprek bydra, speel 'n belangrike rol. Daarom wil ek vriendelik vra dat ons nie terugdeins van moeilike gesprekke nie. Ons moet dit ook nie as 'n aanslag beskou nie, maar eerder 'n groeigeleentheid.

Ek het 'n uitnodiging van Open Stellenbosch aanvaar om op Woensdag 13 Mei 'n memorandum by hul byeenkoms op die Rooiplein in ontvangs te neem. Ek het ook hul leierskap uitgenooi om formeel met die bestuur in gesprek te tree.

Uiteraard moet alle gesprekke in 'n gees van **verdraagsaamheid en wedersydse respek** plaasvind. Menseregteskendings en viktimisering sal nie geduld word nie – ongeag wie betrokke is. Dit is hoekom 'n dosent wat na bewering 'n rassistiese SMS aan 'n student gestuur het, [voorlopig van diens vrygestel](#) is terwyl die saak ingevolge die Universiteit se dissiplinêre prosesse ondersoek word. 'n Verslag word binnekort verwag, en gepaste stappe sal volg

Almal van ons moet verseker dat ons optrede en uitlatings nie onbedoelde gevolge het nie. Ons kan ook nie vir bepaalde standpunte regte toe-eien wat ons ander ontsê nie. Die US het die reputasie van 'n instelling wat ernstig is oor goeie bestuur – en ons is almal gesamentlik daarvoor verantwoordelik.

Gepraat van ons personeel- en studenteliggame – **inklusiwiteit en diversiteit** is vir ons 'n prioriteit. Die Universiteit werk hard daaraan om toegang en verteenwoordigendheid te verbeter – ten opsigte van



beide ras en geslag, vir sowel akademiese as steudienspersoneellede, op alle posvlakke.

([Lees hier meer.](#))

Sonder om die verslag oor die loopbaanvordering van vroue vooruit te loop, kan ek noem dat die taakgroep se voorstelle Maandag by die Algemene Bestuurdersvergadering positief ontvang is en in Junie by die Raad sal dien

Ons doen ons bes om deur ons nagraadse programme die nodige **mensekapitaal** te bou. Die US lewer die naasmeeste meesters- en doktorsgrade in die land op, waarvan in 2014 onderskeidelik 492 (38%) en 95 (40,6%) aan bruin, swart en Indiërstudente toegeken is. Dit is nie net ons wat daarby baat nie, maar ook ander instellings in Suid-Afrika en die res van ons vasteland.

Dit is 'n bydrae tot ontwikkeling, 'n belegging in die toekoms – wat ook is hoekom ons pas 'n [beursfonds gestig het vir nakomelinge van diegene wat uit Die Vlakte](#) verskuif is in die 1960's en 70's.

Hierdie gedwonge uitsettings het skeiding gebring omdat ons as instansie nie destyds daarteen geprotesteer het nie, omdat universiteitsgeboue later op onteiene grond opgerig is, en omdat die US bevoordeel is deur die skenking van die Lückhoff-skoolgebou. Die beursfonds sal hopelik heling en versoening bevorder, en die bande tussen die Universiteit en die gemeenskap herstel. Die belangrikste is egter dat dit meer studente die geleentheid sal bied om hier te studeer.

Struikelblokke in die pad van samehorigheid en vooruitgang op kampus moet verwyder word – soos die [HF Verwoerd-plakket](#) in ons Rekeningkunde- en Statistiekgebou. Die seremonie vind op 27 Mei om 17:00 plaas. Hoewel spesifieke gaste genooi word, is die geleentheid oop vir almal wat dit wil bywoon, en dit sal ook regstreeks oor die internet gevolg kan word (www.sun.ac.za/streaming).

Die plakket sal voorlopig in die Universiteitsargief bewaar word. Dit gee ons die geleentheid om te praat oor simbole op kampus, soos wat dit 'n plek van opvoeding en kritiese denke betaam. Tans werk 'n komitee bestaande uit personeel en studente hard aan die identifisering van ander kontroversiële name en simbole, asook aan 'n plan oor hoe ons dit moet hanteer.

Nog iets waarvoor ons gesprek moet voer, is **onderrigtaal**. Daar is 'n argument dat ons nie voldoen aan die behoeftes van ons studente wat nie Afrikaans magtig is nie. Die teendeel word ook aangevoer.

Kom ons neem as uitgangspunt die [US se nuwe Taalbeleid](#), wat in November verlede jaar deur die Raad aanvaar is – 'n beleid wat meertaligheid voorstaan. Hiervolgens is die US verbind tot Afrikaans as akademiese taal, maar gebruik ons ook Engels om alle Suid-Afrikaners toegang te gee, en bevorder ons Xhosa waar doenlik.

Stellenbosch is nie 'n Afrikaanse of Engelse of Xhosa universiteit nie; Stellenbosch is 'n wêreldklas meertalige Suid-Afrikaanse universiteit – een van min in hierdie kategorie, wat bitter nodig is in 'n land met 11 amptelike tale. Dit is hoe ons probeer verseker dat taal nie 'n versperring tot toegang is nie, maar 'n hulpmiddel vir sukses – veral in 'n diverse opvoedkundige konteks.

Laat die gesprek voortduur – hoe moeilik ook al. Want as ons nie kan sê wat ons op die hart het nie, en nie regtig na mekaar luister nie, gaan ons nêrens kom nie.

Prof Wim de Villiers
Rektor en Visekanselier

- [Klik hier vir 'n videoboodskap aan studente](#)